

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 62

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die lied van die swaard

*Ada en Silla, jul vroue van Lameg,
sien hierdie vegsman en hoor na sy stem!
Groot is my mag met die slagswaard van Tubal,
die swaard van my seun met sy flikk'rende lem!*

*Luister na my by die fluitspel van Jubal.
Ek sing van my dade, my wraaklus so groot;
'n man slaan ek neer in sy bloed, om 'n wonde,
'n seun wat my kwes, maak ek sekerlik dood!*

*Groot is die wraak van die nakroos van Kain
— sien hoe my hande van veglus nou beef —
tienvoud van sewe selfs bowe die godswraak;
voor Lameg se toorn gloed sal niemand kan leef!*

Volgens Genesis 4 was Lameg 'n direkte afstammeling van Kain. Met Lameg kom daar 'n nuwe era. Die Skrif meld dat hy afgewyk het van die skeppingsordinansie van een man, een vrou. Lameg het vir hom twee vroue geneem. Hiermee word die vrou van haar ereposisie weggestoot. Die man misbruik die huwelik vir magsuitbreiding. Die kinders wat gebore word, gee verdere mag. Industrie, kultuur en tegniek maak van Lameg 'n groot man in sy eie oë. Hy sing en juig seëvierend. Hy beskou homself as hoog uitgestyg bo sy voorvader, Kain, maar waarin oortref hy sy voorvader, as ons sy lied beskou — in **haat en wraaklus**.

Vandag is kultuur en tegniek baie ver gevorder. Lameg se kinders het die terreine **betree**. Die mens van vandag het **diep ingemarsjeer**, maar in watter gees? Is dit nie tot 'n groot mate in dieselfde gees nie? Vir die swaard het die waterstofbom gekom en die mens wil dit gebruik vir selfhandhawing en magsuitbreiding. Van swaard tot bom — vir dieselfde doel! En intussen is daar nie die minste teken van oorwinning nie.

Jesus het aan sy dissipel Simon Petrus gesê: "Steek jou swaard in die skede." Nie omdat die swaard nie 'n funksie het nie; die apostel Paulus sê in Romeine 13:4 dat die swaard **wel** 'n funksie het. Maar die swaard bring geen verlossing en oorwinning nie. Die oorwinning is slegs deur Jesus van Nasaret.

Hylco Heidema

Omdat die Bybel homself WEERSPREEK?

Jy sê, my vriend,
dat die Bybel homself weerspreek,
en dat
dit die rede is
waarom jy nie die Bybel
kan aanvaar nie;
want as iemand homself weerspreek,
dan beteken dit
een van twee dinge;
óf hy weet nie waarvan hy praat nie,

óf hy lieg.
En hoe minder 'n mens
in beide gevalle
met so iemand te
doen het, hoe beter.
Ek moet sê,
jou standpunt laat aan duidelikheid
niks te wense oor nie, maar kom ons kyk
ook 'n bietjie hoe reg dit is.

Is die Bybel vól teenstrydighede?

Weerspreek die Bybel homself op amper elke bladsy? Niemand sal dit seker wil beweer nie. Anders sou die Bybel sekerlik nie die mees gelese boek van alle tye gewees het nie. As 'n mens die saak op die keper beskou, is die plekke waar dit **lyk** asof die Bybel homself weerspreek, maar 'n klein handjievul — en die Bybel is een van die dikste boeke wat daar is, eintlik 'n biblioteek met 66 boeke.

Die sogenaamde teenstrydighede in die Bybel is dus iets wat skromelik oordryf word. Tog sê jy, is hulle daar en dit help nou eenvoudig nie om die oë vir hulle te wil sluit nie. By die plekke waar dit so duidelik lyk of die Bybel homself weerspreek, is die veronderstelling dat die Bybel 'n goddelike, onfeilbare boek is, nie 'n bietjie vreemd nie?

Laat ons nie hare kloof nie

As dit oor sulke ernstige sake gaan, wil geen mens hom met allerlei bykomstighede bemoei nie. Daarom wil ek dadelik toegee, sodat ons so gou as moontlik by die essensie kan kom, dat dit inderdaad lyk asof daar allerlei verskilpunte in minder belangrike besonderhede is. Niemand gaan tog sekerlik snags wakker lê, omdat ons nie met sekerheid weet waar Ragel begrawe is nie! (Sien Gen. 35:19-20 teenoor 1 Sam. 10:2.) Net so gaan niemand tog daarvan droom om die Bybel te verwerp net omdat daar êrens 'n donkie te veel (of te min?) voorkom nie! (Sien Mat. 21:7 teenoor Mark. 11:7). Trouens, as 'n mens 'n bietjie nugter dink en rekening hou met bepaalde omstandighede van destyds, is dit nie so moeilik om vir byna al hierdie skynbare teenstrydighede 'n redelike verklaring te vind nie.

Ons laat dit egter alles daar, want ons wil by die hoofsaak kom.

Die menslikheid van die Bybel

Niemand het nog ooit beweer dat die Bybel 'n bo-menslike boek is nie. Die Bybel is die menslikste van alle boeke... net deur mensewoorde klink ook God se woord voluit. Hoe 'n boek 100% woord van mense en terselfdertyd 100% Woord van God kan wees, weet ek nie, maar die Bybel is so. Christus self is trouens ook so: 100% mens én 100%, God.

Miskien is van die kerkmense wat jy ken, geneig om twee foute te maak as hulle met jou oor die weersprekings in die Bybel gesels. Die eerste is juis dat hulle die menslikheid van die Bybel 'n bietjie vergeet en miskien wil ons dalk te angsvallig die goddelikheid van die Bybel

verdedig. Een van die duidelikste tekens van die goddelikheid van die Bybel is egter juis in sy menslikheid geleë. Hoe sou 'n mens dit immers kon verklaar dat soveel verskillende mense met heeltemal verskillende geaardhede, onder totaal verskillende omstandighede, oor 'n periode van 'n stuk of 1500 jaar aan 'n boek kan skrywe en dat die onderlinge verskille dan nog so min en so onbelangrik kan wees? Wys dit nie al onmiskenbaar dat die Bybel méér moet wees as maar net nog 'n boek onder boeke nie?

Verstaan ons alles?

Die tweede fout wat van ons kerkmense helaas te maklik maak, is miskien om (dalk onbewus) te veel die indruk te gee dat ons alle wysheid in pag het — ook as dit oor die Bybel gaan. In plaas daarvan dat ons liewers eerlik erken dat daar dele van die Bybel is waarvan ons baie min verstaan, probeer ons tog teen wil en dank om 'n verklaring te gee. As dit dan 'n geknoeiery afgee, is dit natuurlik óns skuld, nie die Bybel s'n nie. Enige boek kan verkeerd verstaan word — die Bybel selfs nog meer as ander.

Dit is vandag duidelik dat baie van die teenstrydighede wat in die loop van die eeue om die Bybel raakgesien is, in werklikheid daarin ingelees is, omdat die Bybel verkeerd verstaan is (deur kerkmense én deur buite-kerklikes!) Val van jou teenstrydighede nie dalk ook in hierdie kategorie nie: dat jou probleem nie soseer is met woorde **uit** die Bybel nie as met woorde **oor** die Bybel; nie met die Bybel self nie, maar met die manier waarop dit verstaan en verklaar word?

Dat ons hier probleme het, is nie vreemd nie. Dit bly 'n wonder dat ons as nietige mense tog nog **iets** van God kan verstaan; dat God se Woord in mensewoorde nagesê kan word en tog nog sy Woord bly. Dit is dan ook nie so dat eers die Bybellesers hier voor probleme te staan gekom het nie. Vir die Bybelskrywers self moes dit baie keer alles behalwe maklik gewees het om in ménsetaal oor God te kan skrywe, om in ménsewoorde (wat baie keer al hopeloos te kort skiet om bloot ménse-gedagtes weer te gee) God se gedagtes te verwoord. Daarom kan 'n mens eintlik nie anders as om teenstrydighede in die Bybel te verwag nie — dis menslik. Dat hulle egter in die geheel gesien, so min en relatief onbelangrik is, bly 'n wonder — 'n wonder van **goddelike inspirasie**.

Die moderne in die sogenaamde teenstrydighede

Die eintlike rede vir wat jy sien as teenstrydighede in die Bybel, is in 'n sin heeltemal modern. Dit is iets wat die wetenskap, kuns en filosofie ons maar eers in die laaste eeu werklik begin laat verstaan het: dat 'n mens die lewe nie altyd in een woord kan verwoord nie; dat soveel waarhede 'n enersyds-andersyds vereis — soos die dissonant in die musiek sy plek en die dialektiek in die logika sy goeie reg het.

Christus sê byvoorbeeld: "... wie nie teen ons is nie, is vir ons" (Luk. 9:50), maar Hy sê ook: "Hy wat nie met My is nie, is teen My..." (Luk. 11:23). Logies weerspreek die twee uitsprake mekaar, maar Christus sê ál twee, omdat Hy nie die Woord van God blindelings-meganies op die lewe wil afdwing nie. Hy hou rekening met die verskil tussen mense en omstandighede.

Waar die probleem halfhartigheid is, en die mense hulle liewers nie wil kompromitteer nie en dus veiligheidshalwe op 'n afstand wil bly, moet hulle hoor dat neutraliteit hier onmoontlik is: wie nie onomwonde vir Christus is nie, hoort by sy teëparty (Luk. 11:23). As die dissipels egter te eksklusief begin word, vir hulleself te veel reg begin toe-eien, hulle verbeel dat hulle die monopolie het om vir Christus se saak te veg, kom Christus met presies die teenoorgestelde: hulle behoort al dankbaar te wees as daar nie daadwerklike teenkating is nie (Luk. 9:50).

Twee kante

Die lewe het telkens twee kante: eenvoudigheidshalwe kan ons dit die goddelike en die menslike kante noem. Albei kry ons in die Bybel, al is hulle vir ons beperkte, menslike verstandjies met mekaar in direkte teëspraak. God is almagtig, maar die mens moet sy verantwoordelikheid nakom (bv. Joh. 19:11a teenoor 11b). God het ons eerste liefgehad en omdat Hy sy liefde as vrye genade in ons harte geplant het, daarom kan ons self ook liefhê (1 Joh. 4:10 en 19).

Terselfdertyd is die liefde egter ook 'n plig (1 Joh. 4:11 en 21). Paulus kan binne bestek van enkele verse ons sien soos ons in Christus reeds is én terselfdertyd soos ons in onself nog nie geword het nie: tegelykertyd volmaak én nie-volmaak (Fil. 3:12 en 15).

Logiese teenstrydighede? Ja, maar dan, omdat die lewe self logies teenstrydig is, omdat die Bybel so lewens-eg is, kry ons dit ook in die Bybel. Dis weer die méér-as-menslike in die eg-menslike van die Bybel.

Jy sê: "Omdat die Bybel homself weerspreek, wil ek niks met die Bybel te doen hê nie". Mag ek een ding vra: Wat maak jy dan met die lewe?

Dr. Tjaart van der Walt.

Hy's op JOU spoor!

Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.

Hom moet julle teëstaan, standvastig in die geloof...

I Petrus 5:8-9

Jy's arm

Watter dinge het vir u baie waarde in die lewe? U sal saamstem dat dit die dinge is waarmee jou gedagtes besig is en inspanning verg. Iets wat vir die mens nie van veel waarde is nie, loop hy by verby. Die dinge wat hoë waarde vir jou het, daarmee is jy besig en dit koester jy met toewyding.

Moderne lewenswaardes

Kom ons laat ons gedagtes gaan oor die dinge wat vir ons mense van waarde is.

Die moderne tyd is 'n tyd van welvaart. Geld, geld en nogmaals geld. Niemand wil agterbly nie. Elkeen wil deel in die ryk kultuurprodukte wat ons moderne tegniese eeu voortbring. Luuks gemeubileerde huise en die moderne lewenswyse gee bevrediging. Dit is die dinge waar die hart in sit. Die mens wil geluk en genot hê en vir die moderne mens kan geluk en genot alleen met geld **gekoop** word.

Moderne bloed in die are

Hierdie lewenswyse is nie net vir die rykes beskore nie, maar byna alle lae van ons samelewing kan dit geniet. Indien nie kontant nie, dan op skuld. Die stoflike dinge moet die lewensgeluk bring. 'n Nuwe lewenshouding is gebore. In die rangorde van waardes, val die klem op die materiële. Die oog en hart is op die stoflike gerig... nie soseer om dit op te berg nie, maar omdat dit 'n medium is waarmee genot en geluk bekom kan word. Die ware spaarsin ontbreek. Die lewenshouding is: koop wat die hart begeer. Die lewensruimte waarin beweeg word, is versier met muur-tot-muur-matte, motors en karavane, klankstelsels, skemerkelkies, rojale vakansieuitstappies, ens. Dit is simbole wat aansien gee. Dit is die dinge wat jou in tel bring. Dit laat die bloed deur die are bruis.

Wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld wen, maar hy lei skade aan sy siel?

Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?

Want die Seun van die mens staan gereed om met sy engele in die heerlijkheid van sy Vader te kom, en dan sal Hy elkeen vergeld volgens sy dade.

Matteus 16:26, 27.

Besinning:

Ek wonder of u nie maar sal saamstem nie. Voel u nie ook hierdie bloed in u are nie? Is dit nie ook die dinge waar u hart in veranker is nie? Is dit nie ook die ideale lewe wat u koester nie?

'n Ernstige vraag

Is dit werklik die hoogste geluk in lewe en sterwe? Is daar nie lewenswaardes wat ver bo hierdie dinge uitstyg nie? Nou kan u vra: mag 'n mens dan nie hierdie dinge geniet nie? Moet mens altyd in eenvoud met

sy boekie in sy hoekie sit?

Hierop wil ons duidelik sê: nee! Al die stoflike dinge kom uit God, die Skepper, se hand. Die mens mag met smaak en oorleg en in danksegging al die dinge geniet, maar die **hart** en die **siel** moet nie daarin wees nie. Die mens kan nie God én Mammon dien nie.

As u u hart op die stoflike dinge gesit het, sê Jesus ook vir u soos aan die gemeente van Laodicea: "Jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie". (Open. 3: 17).

Die hoogste lewenswaarde

Dink daaraan dat die Here u seën met stoflike dinge, sodat u Hom as die Gewer van die goeie agter die dinge sal sien. Bid die Here dan dat hy u geestelike oë sal oopmaak, sodat u Hom agter die welvaart sal sien. So sal u dan saam met Dawid kan uitjubel: "Ek het tot die Here gesê: U is my Here; vir my is daar geen goed bo U nie." (Ps. 16:2).



H. G. Kruger.

Ons het die TOETS gewen!

Hoera! Die Bokke bo! Onthou jy nog daardie prag-drie... daardie seepgladde sny deur die gaping, ons manne se onstuitbare stormlope, die agterlynbewegings?

Dis waar, ou maat, dit was pragtig en ons is trots op ons manne. Ek en jy kon sit en kyk en dit geniet. Maar dit laat my dink aan dié toetse waar ons nie die voorreg het om op die pawiljoen te sit nie. Waar ons self op die veld en in die kryt is.

Nie teen vlees en bloed nie

IETS BESTENDIG?

Nimmer, nêrens het my oë op die wêreld iets aanskou wat bestendig voort kan duur en sy wese kan behou nie. Wat volmaak skyn, het 'n einde, en moet, met al wat is, verslyt. Net God se wet, in duur oneindig, is volmaak en eind'loos wyd.

Het jy jou eie lewe al gesien as 'n toetswedstryd — 'n genadelose wedstryd teen die bose wat jou van die kroon wil beroof — 'n geveg met die duiwel, 'n dodelike wedloop. As jy hierdie toets verloor, dan het jy alles verloor... die hemel, die saligheid, die ewigheid... Daarom sê Jesus: "Stry hard om in te gaan" en Paulus: "Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar... teen die bose geeste... ja, teen die duiwel self wat ons wil verlei, weg van Christus en sy Woord en sy kerk af, om ons 'n prooi te maak van die hel."

Pawiljoensitters wen nie!

Stry hard om in te gaan. Kan jy nog stry? Stry jy nog teen die verleiding van die wêreld? Stry jy nog in die geloof, vir Christus en sy koninkryk en jou ewige welsyn? Of het jy al toegegee en is dit ook jou groot doel, soos so baie ander, om maar die lewe te geniet, terwyl jy God vergeet? Het jy ook die goeie stryd laat vaar en spoel nou maar saam met die stroom na jou eie, ewige ondergang? Het jy vergeet jy speel elke dag in die groot toetswedstryd wat jou ewige lot bepaal en dat die eindfluitjie weldra ook gaan blaas vir jou?

Dink daaraan: sonder Christus aan jou kant, in jou lewe, kan jy nooit wen nie. Gryp Hom vas in die geloof, in die gebed, in sy Woord. Dink ook daaraan om daaglik te stry in die geloof. 'n Pawiljoensitter kan nooit wen nie!

Geloofsoefeninge

Het jy al 'n onge oefende span gesien wat gewen het, of 'n onfikse, pap atleet wat wen? Natuurlik nie! Intendeel, 'n atleet gryp elke geleentheid aan om te oefen en te oefen vir die stryd. Gaan jy en doen dieselfde — in die geloof, in die Woord, in die gemeenskap met God en in die werke van die bekering. Oefen jou in die Godsaligheid as 'n atleet in die geestelike wedstryd. Onthou: die toets van die ewigheid is vir jou duisend maal belangriker as die rugbytoetsreeks! Dit bepaal immers waar jy die ewigheid gaan deurbring.

Meer werd as al die drieë

Paulus skryf: "Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die Godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en toekomstige lewe het." (1 Tim. 4:8).

Oefening in die Godsaligheid — om met God te wandel, vir Hom te stry en te lewe — dis vir jou meer werd as al die drieë wat ooit gedruk is. Oefen daarom vir die Groot Toets wat voor

jou staan.

Stry hard en getrou — en jy sal deel in die salige oorwinning van Christus!

W. J. Maritz.

HET U PYN?

**God fluister in ons vreugdes
Hy praat in ons gewetes,
maar Hy skreeu soms in ons pyn.
Dit is sy luidspreker om 'n dowe wêreld
aandag te laat gee, en slapende
mense wakker te roep.**

Soos 'n Hiasint

O, die bekoorlike waterhiasint! Met haar violetblou blommetrosse soos kosbare orgideë, met haar geel en blou spatsels, is sy een van die mooiste waterplante. Hoe bekoorlik wink sy nie: Kom! Kom bewonder my skoonheid, breek vir jou 'n takkie af, neem my saam om jou huis op te vrolik en jou hart te verbly.

En so, deur haar bewonderaars gedra vanaf haar geboortegrond in Suid-Amerika, het die waterhiasint versprei oor Europa en oor Asië en oor Afrika. Haar ryke blaeskadu en blommetrosse was onweerstaanbaar en waar sy gekom het, was sy tuis.

Maar nie te lank nie, of sy was te groot vir blompotte en visdammetjies. Sy moes verder en het koers gekry na spruite, riviere en mere, voortgedra deur haar bewonderaars. Steeds verder en groter en gulsiger het sy begin insluk — vier, vyf voet dik op die waters gaan lê en die pad van skuite en bote begin blokkeer. Die visse en waterdiertjies moes vir haar padgee. Waar sy gekom het, het sy met haar seekat-arms die ander vorms van lewe omhels en verstik. Selfs inboorlingstamme is van hul voedsel beroof en met hongersnood bedreig.

Die bekoorlike blom het binne die bestek van enkele jare 'n gulsige monster geword... 'n heks en moordnares wat volgens kenners een van die grootste bedreigings vir die riviere en mere van Afrika is.

Hier het u 'n pragtige skildery van die sonde. Die sonde is soos 'n bekoorlike waterhiasint! Nooit kom dit in sy ware, wrede karakter na jou toe nie. Nee, dit lyk altyd so mooi, so begeerlik — nie waar nie? So was die boom in die tuin van Eden tog: "'n Lus vir die oë, ja 'n boom wat 'n mens kan begeer..." **So** het dit die verlore seun gelok, gewink na die plesier en die genot... van die varkhok!

Die sonde is 'n beker van goud, maar gevul met gif.

Dis 'n slagyster onder 'n tapyt van blomme.

Dis 'n wolf geklee in skaapklere.

Dis 'n reënboog gespan oor 'n afgrond.

Dis 'n Lorelei wat sing oor 'n kolk van die dood.

Dis 'n duiwel wat optree as 'n engel van die lig.

Daarom... vlug! Vlug vir jou lewe! Vlug nou, voordat hy ook jón pad versper en jón lewe vermoor!

Waarheen?

Jy weet! **Ek** is seker **jy** weet, want daar is net een Naam onder die mense gegee waardeur ons gered kan word. Onthou jy, jy het die naam klein-klein geleer: Jesus van Nasaret, Jesus Christus.

W. J. Maritz